SAOU 30
LIMPOPO
NUUSBRIEF | NEWSLETTER
012 436 0900
saoulim@saou.co.za
www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

05/2026 2026/04/09

## WELKOM BY DIE TWEEDE KWARTAAL

Welkom terug vir die tweede kwartaal. Ons vertrou dat u gedurende die kort vakansie die geleentheid gehad het om te rus en te herlaai, en dat die Paastydperk geseënd vir u en u gesin was. Mag u met nuwe ywer die nuwe kwartaal aanpak. Baie sterkte en seën vir kwartaal 2.

## WELCOME TO THE SECOND TERM

Welcome back for the second term. We trust that you had the opportunity to rest and recharge during the short holiday and that you and your family had a blessed Easter. May you approach the new term with renewed enthusiasm. Good luck and best wishes for term 2.

## BELANGRIKE OPLEIDING

**Limpopo Leiersberaad Bemagtiging**
Datum: 5 Augustus 2026
Tyd: 08:00 - 15:00
Venue: H/S Piet Potgieter, Potgietersrus
Die Pierneef Saal
Lede: R450
Nie-lede: R900
SAOU Limpopo
ABSA
41-1006-2099632005
Verwysing: LIM05/08
Bewys van betaling: saoulim@saou.co.za
Registreer hier

**Posvlak 1 en Studente Bemagtiging**
Tyd: 08:00 - 15:00
24 Oktober 2026 (Saterdag)
Venue: L/S Pietersburg-Noord, Polokwane

Lede: R250
Nie-lede: R500
SAOU Limpopo
ABSA
41-1006-2099632005
Verwysing: LIM24/10
Bewys van betaling: saoulim@saou.co.za
Registreer hier

## IMPORTANT EMPOWERMENT

**Limpopo Leadership Empowerment**
Date: 5 August 2026
Time: 08:00 - 15:00
Venue: H/S Piet Potgieter, Potgietersrus
The Pierneef Hall
Members: R450
Non-members: R900
SAOU Limpopo
ABSA
41-1006-2099632005
Reference: LIM05/08
Proof of payment: saoulim@saou.co.za
Register here

**Post Level 1 and Student Empowerment**
Time: 08:00 - 15:00
24 October 2026 (Saturday)
Venue: L/S Pietersburg-Noord, Polokwane

Members: R250
Non-members: R500
SAOU Limpopo
ABSA
41-1006-2099632005
Reference: LIM24/10
Proof of payment: saoulim@saou.co.za
Register here

## ONDERWYSTOEKENNINGS

Jy verskyn elke dag in die klaskamer met moed, passie en `n unieke "patroon" van uitnemendheid wat lewens verander. Nou is tyd dat jou uitnemende bydrae raakgesien en erken word.

Ons is opgewonde om die oproep vir inskrywings vir die SAOU se Nasionale Kongres Onderwys-toekennings amptelik te open. Dit is nie net 'n toekenning nie; dit is 'n viering van die vurige

## TEACHING AWARDS

Every day in the classroom, you show up with courage, passion, and a unique "pattern" of excellence that changes lives. Now, it's time to step out of the shadows and let that brilliance be recognised!

We are thrilled to officially open the call for entries for the SAOU's National Congress Teacher Awards. This isn't just an award; it's a

| | |
|---|---|
| toewyding wat julle aan Suid-Afrikaanse onderwys bring.<br><br>Ons gee nie net trofeë weg nie. Om jou klaskamerinnovasie aan te wakker en jou harde werk te beloon, sal wenners in ons kategorieë die volgende ontvang:<br><br>R10 000 KONTANTPRYS<br><br>*Plus, nasionale erkenning by ons gesogte Kongresgala.*<br><br>Klik hier vir meer inligting en om in te skryf | celebration of the fierce dedication you bring to South African education.<br><br>We aren't just giving away trophies. To help fuel your classroom innovation and reward your hard work, winners in our categories will receive:<br><br>R10 000 CASH PRIZE<br><br>*Plus, national recognition at our prestigious Congress Gala.*<br><br>Click here for more information and to enter |
| **SAOU STERFTEVOORDEEL - CONTINUUM** | **SAOU DEATH BENEFIT - CONTINUUM** |
| Om 'n SAOU-lid te wees, bied vir jou 'n sterftevoordeel, Continuum, wat 'n kontantvoordeel van R20 000 is wat deur die SAOU aan die lid se benoemde begunstigde of, in die afwesigheid van sodanige aanwysing, die lid se boedel betaal word.<br><br>Hiermee hoop ons om voort te bou op die nalatenskap wat jy eendag sal agterlaat.<br><br>Alle SAOU-lede kwalifiseer outomaties vir hierdie voordeel, mits hulle:<br>• Jonger as 65 jaar is.<br>• Nie agterstallig is met die betaling van hul SAOU-lidmaatskapfooie op die datum van afsterwe nie.<br>• Nuwe lede is geregtig op hierdie voordeel 90 dae vanaf die datum waarop hul eerste lidmaatskapfooi deur die SAOU ontvang word.<br>• Nie meer 'n student is nie.<br><br>*Geen mediese ondersoeke word vereis nie.<br>https://www.saou.co.za/af/continuum | Being a SAOU member provides you with a death benefit, Continuum, which is a cash benefit of R20,000 provided by the SAOU to the member's named beneficiary or, in the absence of such designation, the member's estate.<br><br>Hereby, we hope to build on the legacy you will leave behind one day.<br><br>All SAOU members automatically qualify for this benefit provided they:<br>• Are younger than 65 years.<br>• Are not in arrears with payment of their SAOU membership fees at the date of death.<br>• New members are entitled to this benefit 90 days from the date on which their first membership fee is received by the SAOU.<br>• Is no longer a student educator.<br><br>*No medical examinations are required.<br>https://www.saou.co.za/af/continuum |
| **SAOU KOMMUNIKASIE KRY 'N OPGRADERING** | **SAOU COMMUNICATION IS GETTING AN UPGRADE** |
| Die SAOU se nuwe selfoontoep is hier en dit word voortaan die primêre kommunikasieplatform vir lid-eksklusiewe inhoud. Die toep bied aan SAOU-lede vinniger, eenvoudiger en meer gerieflike toegang tot nuus, opdaterings en SAOU-inligting – alles op één sentrale plek op jou selfoon.<br><br>Hierdie nuwe platform verseker dat lede inligting direk en op 'n wyse ontvang wat hul daaglikse werk ondersteun. Dit is moderne kommunikasie wat aanpas, meer toeganklik is en saam met ons ledegemeenskap ontwikkel.<br>WhatsApp sal steeds gebruik word vir kort, tydsensitiewe kennisgewings en provinsie- spesifieke kommunikasie.<br>https://saou.d6.co.za/ | The SAOU's new mobile app has arrived and it will soon become the primary communication platform for member-exclusive content. The app offers SAOU members faster, simpler and more convenient access to news, updates and SAOU information – all in one central place on your phone.<br><br>This new platform ensures that members receive information directly and in a way that supports their day-to-day work. It is modern communication that adapts, improves accessibility and evolves alongside our member community.<br>WhatsApp will continue to be used for short, time-sensitive updates and province-specific communication.<br>https://saou.d6.co.za/ |
| **SAOU WHATSAPP KANAAL** | **SAOU WHATSAPP CHANNEL** |

Besoek gerus die SAOU se Nasionale WhatsAppkanaal. Hierdie kanaal is geskep om kommunikasie te stroomlyn en belangrike inligting te deel.

Die volgende inligting sal op die nasionale kanaal gedeel word:

- SAOU Nasionale Nuusbriewe
- Mediaverklarings
- Nasionale Aangeleenthede
- Vlagskip-geleenthede
- Nasionale Opleiding en Bemagtiging
- Nasionale Fokusgroepkommunikasie
- Ontwikkelings in die Opvoedkundige Sektor
- Onderwysvakatures

Klik hier om by die kanaal aan te sluit:
https://whatsapp.com/channel/0029Vaj7rxwHgZWWXxjZsW13

Please feel free to visit the SAOU's National WhatsApp Channel. This channel has been created to streamline communication and share important information.

The following information will be shared on the national channel:

- SAOU National Newsletters
- Media Statements
- National Matters
- Flagship Events
- National Training and Empowerment
- National Focus Group Communication
- Developments in the Educational Sector
- Education Vacancies

Click here to join the channel:
https://whatsapp.com/channel/0029Vaj7rxwHgZWWXxjZsW13

## SAOU LIDMAATSKAP vs PSCBC (Agency Fee)

Neem asseblief kennis dat indien *PSCBC (Agency Fee)* 2 x op u salarisstrokie verskyn, die groter bedrag nie SAOU-ledegeld verteenwoordig nie. U moet 'n lidmaatskapvorm voltooi om die PSCBC-fooie te verander na SAOU-ledegelde.

Klik hier vir omskakeling na SAOU lidmaatskap

## SAOU MEMBERSHIP vs PSCBC (Agency Fee)

Please note that if *PSCBC (Agency Fee)* appears 2 x on your payslip, the larger amount does not represent SAOU membership fees. You must complete a membership form in order to change the PSCBC fees to SAOU membership fees.

Click here to convert to SAOU membership

SAOU Limpopo versoek vriendelik dat u ons kantoor in kennis stel indien u **aanstelling of lidmaatskapstatus verander**.

Dit sluit byvoorbeeld in:

- Verandering van 'n SBL-aanstelling na 'n Departementele aanstelling
- Studente wat kwalifiseer en voltyds begin werk

Kontak ons gerus by saoulim@saou.co.za, of werk u besonderhede direk by deur die volgende skakel te voltooi:
https://www.saou.co.za/af/word-n-lid

SAOU Limpopo kindly requests that you inform our office if your **employment or membership status changes**.

This includes, for example:

- A change from an SGB appointment to a Departmental appointment
- Students who have qualified and entered full-time employment

Please contact us at saoulim@saou.co.za, or update your details by completing the form below:
https://www.saou.co.za/become-a-member

